# SONDAGSKOOL LES - **Babas in Christus**

**Doel van les:**

- Die nuwe jaar word dikwels voorgestel as 'n baba omdat babas 'n nuwe begin kan voorstel. Jesus het aan Nikodemus in Johannes 3 verlossing beskryf as wedergeboorte. Beide fisies en geestelik begin ons as babas, maar ons bly nie babas nie – ons moet groei.

**Ysbreker:**

- **Baba items in 'n sak:** Sit 'n klomp items in 'n sak wat jy gewoonlik sal assosieer met **'n** baba doekesak. Laat die kinders hulle hande insteek en voel, maar hulle mag nie kyk nie. Hulle moet nou raai wat als in die sak is. Die groep wat die meeste reg het, wen.
- **Baba teken**: Gee vir elke kind 'n blaai en potlood. Hulle moet die blaai op hul kop sit en 'n babatjie teken. Die skets wat die meeste na 'n baba lyk, wen.
- **Fopspeen aangee**: Gee vir elke kind in die groep 'n strooitjie. Gee ook 'n fopspeen. Hulle moet in 'n ry staan en die strooitjie in hulle monde sit. Dan moet hulle die fopspeen aangee vir mekaar deur net die strooitjie te gebruik. Die groep wat eerste klaar is, wen.

**Die groepleier**

Nuwe Christene en babas het baie in gemeen. Babas moet aan die begin gevoer word, maar binne 'n kort rukkie begin hulle pogings aan te wend om hulself te voer. Tog is die ouer baie versigtig met wat 'n baba eet. As julle al ooit 'n baba dopgehou het, sal julle weet dat 'n baba omtrent enige iets in hul mond sal druk. Ouers sal bv nie toelaat dat hul babas op gemorskos leef of iets wat skadelik vir hulle is nie. As Christene, veral nuwe Christene, moet ons leer om onsself te voed met God se woord en dinge wat skadelik vir ons is te vermy.

- Wat is van die gewoontes of aksies wat ons in babas en kleuters sien, wat nie aanvaarbaar sal wees in grootmense nie?
- Wat is van die tekens van volwassenheid wat ons sien in kinders soos hulle groot word?

**Maak dit prakties:**

1. Lees Hebreers 5:11-6:1. In vers 11 word die woord "traag" gebruik. Die woorde – te lui om te leer – kan ook gebruik word. Wat is van die maniere wat ons te lui kan wees om meer van God te leer?
2. Wat kan melk en vaste kos beteken?
3. Wat skei 'n volwasse Christen van 'n geestelike baba?
4. Watter aksies of dade sal jy van 'n volwasse Christen verwag?

Kry terugvoer.

**Maak dit persoonlik**

1. In watter areas het jy baie gegroei?
2. In watter areas van jou geestelike lewe stagneer (staan stil) jy?
3. Hoe sal jy jouself beskryf – Baba in Christus/Kind van God?
4. Wat kort jy in jou geestelike dieet om meer volwasse te word as Christen in die jaar?
5. In watter maniere sal jy graag wil groei as Christen die res van die jaar?

Hierdie volgende klompie weke gaan ons bietjie gereedskap kry om te help.

Sluit af in groepe met gebed.